07 Maart 2022

PD Hoëveld - Met Brandende Harte tot Wenners

Beste Offisier/Ouer

Baie welkom op die Hoëveld Penkop en Drawwertjiekamp as Diensdoende persoon. Ons glo u sal kan help om hierdie kamp ‘n onvergeetlike gebeurtenis in die lewe van meer as 250 Penkoppe en Drawwertjies te maak. Ons glo ook dat dit vir u ‘n aangename en verrykende ondervinding sal wees.

Die volgende inligting sal ons graag aan u wil oordra:

1. Kursusindeling:

1.1 Die indeling van kursusoffisiere is aangedui op ‘n lys soos aan u kommando verskaf. Die betrokke kursusleier sal u vooraf kontak om u in te lig wat van u verwag gaan word.

2. Akkomodasie:

2.1 Persone wat akkomodasie op hul inskrywingvorm aangevra het, sal ingedeel word, indien geen aanduiding gegee word nie, sal aanvaar word dat hulle eie tente bring. Daar word ± 6 persone per kamer ingedeel. Daar is stapelbeddens in die kamers.

2.2 Persone wat tente aangedui het moet self sorg vir: Kampbed, Grondseil, lig ens vir u eie gerief (nie Penkoppe en Drawwertjies nie).

2.3 Voorskoolse kleuters, Gr 1 en Gr 2 word by een van die ouers ingedeel vir slaapplek.Volwassenes word nie noodwendig by die kind se kursus ingedeel nie.

2.4 Veldkornet Christelle Pienaar by die dogters en Veldkornet Riaan Hattingh by die seuns, is aangewys om in beheer van die tentdorpe te wees. Na registrasie moet u by hulle aanmeld by die vlagpale om uit te vind waar die onderskeie grade hul tente moet opslaan.

3. Volwassenes wat diens doen (Offisiere) :

3.1 U sal verantwoordelik wees vir ‘n tent/tente - U is hul ma of pa vir die kamp en moet na hul wel en weë van opstaantyd tot slapenstyd omsien (Offisiere sal sover moontlik by hul kommando se kinders ingedeel word).

3.2 Spesifieke pligte word op lyste op verskeie plekke opgeplak - dit moet noukeurig gevolg word.

3.3 Elke Offisier is verplig om die nabetragtingsvergadering elke aand soos op die program aangedui by te woon waar moontlik. (U kan slegs die Kampleier toestemming vra om verskoon te word).

3.4 Alle volwassenes wat kamp moet die volle duur van die kamp op die terrein wees - persone wat die terrein vir spesifieke dae verlaat of ruil of voor die tyd huis toe gaan sal nie by kursusse ingedeel kan word nie.

4.Alle volwassenes:

4.1 Seremonies in Aktiewe Voortrekkerdrag (nie-Voortrekkers in semi-formele drag) - moet deur alle volwassenes bygewoon word.

4.2 Daar gaan min ledige ure wees en die werk wat aan u toegedeel is sal toewyding van u kant vereis.

4.3 Elke volwassene moet ‘n eie kampstoel saambring. Indien u vergeet gaan u die hele kamp probleme ondervind met sitplek. **Gebruik ook slegs u eie stoel om die vrede te bewaar!!!**

4.4 Kyk gerus na die jeuglede se benodigdhede op hul vorm om te verseker u vergeet nie belangrike artikels nie.

4.5 Dit word van u verwag om voor of saam met u kommando se kinders Saterdag 19 Maart 2022 (8:00) op die kamp op te daag en na of saam met hulle die kamp Woensdag 23 Maart 2022 (12:00) te verlaat.

4.6 **Persone wat reeds voor Saterdag 19 Maart 2022 wil begin kamp moet hulle eie etes verskaf tot en met Saterdag se ontbyt.** Vrydag 18 Maart 2022 vanaf 15:00 kan persone begin tentopslaan.

4.7 **Registreer by die kampsekretaresse dadelik na u aankoms. Daar word ‘n ekstra oorslaap tarief van R65.00 per persoon gehef vir Vrydagaand en moet by registrasie inbetaal word**.

4.8 Geen elektriese ketels en haardroërs word in die offisiere tentdorp toegelaat nie. Slegs gas.

4.9 Saterdag 19 Maart 2022 om 9:30 is daar verpligte vergadering vir ALLE VOLWASSENES en VERKENNERS op die kamp in die saal. Niemand sal verskoon word nie.

4.10 ‘n Vleisie vir 2 aande se kuier om die vuur tussen 22:00 en 24:00 (opsioneel)**. Volgens Voortrekker beleid mag geen alkoholiese drank tydens die kamp gebruik word nie.**

4.11 Medemensete - : Sint Patrick - Offisiere kan saam met Medemens eet en dan daarvolgens aantrek. Indien nie wi,l eet hulle saam met die ander en kyk ’n inlê film op seremoniegrond

Voortrekker groete
Philip de Kock
KAMPLEIER


±2 Km
Voortrekkerplaas
±1.7 Km
Grondpad
±5.7 Km
Wadrift Winkel
Wadrift Winkel
Na Cullinan
N
Na Pietersburg
± 33 Km
Na Cullinan
N1
Rodeplaatdam
Kwa Mhlanga
Zambezirylaan
Na Cullinan
Na Pretoria
Pretoriusstr
Na Witbank
Vanaf Johannesburg